

# ARDHI UNIVERSITEIT



## PERSVERKLARING

### **Twaalf Afrika-Universiteite Loods Risiko Metodes Skool om Rampe aan te pak**

**(10 tot 21 September 2018)**

Deur die erkenning van die dringende behoefte aan 'toekomstige gereed' vaardighede vir Afrika se vinnig veranderende ramprisikos, sal die *Partners Enhancing Resilience for People Exposed to Risks (Periperi U* <http://www.riskreductionafrica.org/>), wat 'n konsortium van twaalf Afrika-universiteite is, Afrika se eerste Risiko Metodes Skool op 10 September 2018 by Ardhi Universiteit, Dar es Salaam, Tanzanië loods.

Hierdie innoverende samewerking bring onderwyspersoneel van die Verenigde Nasies se agentskappe en ses universiteite uit Afrika bymekaar. Dit is doelbewus daarop gemik om die ontwikkeling van dringend benodigde talent in die veld te bespoedig deur die ramprisikobestuurkundigheid in Afrika se hoër onderwysstelsel te kombineer met die globale perspektiewe van die internasionale gemeenskap.

Periperi U se Afrika Risiko Metodes Skool is 'n institusionele vindingryke reaksie op Oos-Afrika se vinnig veranderende risikoprofiel – soos die streek verstedelik, word dit meer verbind en moet by klimaatverwante en ander risikos aanpas. Dit vra reeds vir nuwe, 'toekomstige gereed' vaardighede wat interdissiplinêr en toepaslik is en wat diverse wetenskappe integreer.

Die Skool bied sewe intensiewe kursusse aan, oor uiteenlopende onderwerpe soos *Stedelike Risiko- en Geografiese Inligtingstelsels, Risiko- en Kwesbaarheidsassessering in die Gesondheidssektor en Na-rampbehoefte Assessering*, om die kapasiteit van opkomende en gevestigde Afrika-navorsers binne die omvangryke velde van ramp, risiko en veerkragtigheid te bespoedig. Studente sluit ramprisikoverwante nagraadse studente in Afrika-universiteite, sowel as praktisyns en senior bestuurders wat hul risiko- en veerkragtigheidsnavorsingsvaardighede wil opskerp in. Studente by die eerste Risiko Metodes Skool verteenwoordig elf lande, waaronder nege Afrika-lande.

Hierdie inisiatief word ondersteun deur USAID se Kantoor vir Buitelandse Ramphulp (USAID OFDA), die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP), die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), die Afrika-Unie/Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling se Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (AU/NEPAD SANWATCE) en die Stellenbosch Universiteit se Sentrum vir Afrika Geleerdheid.

Die volgende Afrika Risiko Metodes Skool sal deur die Universiteit van Gaston Berger, St Louis, Senegal in Februarie 2019 aangebied word.

Vir meer inligting kontak asseblief vir **Alberto Francioli**: [albertofrancioli@sun.ac.za](mailto:albertofrancioli@sun.ac.za) (Telefoon: +27 84 208 1870) of **Benedict Malele**: [benedictmalele@yahoo.com](mailto:benedictmalele@yahoo.com) (Telefoon: +255 754 980 872)

**Uitgereik deur**

**Openbare Betrekkinge Kantoor**



**PERIPERI U**

PARTNERS ENHANCING RESILIENCE  
FOR PEOPLE EXPOSED TO RISKS



*Empowered lives.  
Resilient nations.*



**USAID**  
FROM THE AMERICAN PEOPLE



**World Health  
Organization**